Posbus 240
Durban Straat 162
Worcester, 6849
Tel: 023 342 0085 / 023 347 2676
Faks: 023 347 3630
E-pos: worcester@bbcnwbol.org.za
Web Adres: www.bbcnwbol.org.za

BOUBEDINGINGSRAAD
BUILDING BARGAINING COUNCIL
BBR | BBC
BOLAND NOORD & WES NORTH & WEST BOLAND

P.O. Box 240
162 Durban Street
Worcester, 6849
Tel: 023 342 0085 / 023 347 2676
Fax: 023 347 3630
Email: worcester@bbcnwbol.org.za
Web Address: www.bbcnwbol.org.za

INLIGTINGSTUK: WBNR/191/11/08/2020

Aan alle Werkgewers en Werknemers in:

Gebied A: Groter Boland Area	
Langeberg plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Ashton, Bonnievale, McGregor, Montagu, Robertson;
Breedevallei plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: De Doorns, Rawsonville, Touwsrivier,Worcester;
Witzenberg plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Ceres, Prince Alfred Hamlet, Tulbagh, Wolseley;
Swellendam plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Barrydale, Buffelsjagsrivier, Infanta, Malgas, Suurbraak, Swellendam.

Gebied B: Wes-Boland Area	
Saldanhabaai plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Hopefield, Jacobsbaai, Langebaan, Paternoster, Port-Owen, Saldanhabaai, St Helenabaai, Stompneusbaai, Vredenburg;
Landdrosdistrik Moorreesburg;	Moorreesburg
Bergrivier plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Aurora, Dwarskersbos, Eendekuil, Piketberg, Porterville, Redelinghuys, Veldrif;

Gebied C: Groter Boland Area	
Laingsburg plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Laingsburg, Matjiesfontein;
Prince Albert plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Klaarstroom, Leeu-Gamka, Merweville, Prince Albert;

Gebied C: Wes Boland Area	
Matzikama plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Doringbaai, Ebenhaeser, Klawer, Koekenaap, Lutzville, Papendorp, Strandfontein, Vanrhynsdorp, Vredendal, Trawal,
Cederberg plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Citrusdal, Clanwilliam, Elandsbaai, Graafwater, Lambertsbaai, Wuppertal;

Gebied D: Groter Boland Area	
Cape Agulhas plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Agulhas, Bredasdorp, Elim, Klipdale, Napier, Protem, Struisbaai, Arniston/Waenhuiskrans;
Theewaterskloof Plaaslike munisipaliteit:	Sluit in: Botrivier, Caledon, Genadendal, Grabouw, Greyton, Riviersonderend en Villiersdorp.

MET BETREKKING TOT ONDERHANDELINGS VIR LOONVERHOGINGS EN ANDER WYSIGINGS TOT DIE RAAD SE KOLLEKTIEWE OOREENKOMS

U word hiermee in kennis gestel dat die werkgewer party en werknemer party tot die Bedingingsraad hul onderhandelings oor nuwe minimum lone en ander wysigings tot die Raad se Kollektiewe Ooreenkoms afgehandel het. Daar was geen terugvoering vir ander onderhandelings punte vanaf werkgewers en werknemers nie. Besonderhede van die wysigings wat beding is, word volledig hieronder uiteengesit. Daar word beoog dat die wysigings en loonverhogings vanaf 1 November 2020 van krag sal word.

U word uitgenooi om vertoë wat u met enige van die wysigings mag hê, skriftelik, **binne 14 dae** vanaf die datum van hierdie brief, by die Raad in te dien. Sodanige aansoeke moet volledig gemotiveer word, en ’n aanduiding moet gegee word van moontlike vervangende bepalings.

Waar sodanige aansoeke vrystelling van enige van die loonreëlende maatreëls van die Ooreenkoms soos die minimum lone en BBR byvoordele behels, sal dit verwag word dat, voor die indiening van die aansoek om vrystelling, daar oorleg gepleeg word met werknemers wat deur sodanige vrystelling geraak kan word, aangesien die Raad die opinie van sodanige werknemers in ag sal neem tydens die oorweging van die gemelde aansoeke.

Die partye het die volgende ooreenkomste bereik:

1. **Termyn van Kollektiewe Ooreenkoms:**
   Partye het `n 3 jaar ooreenkoms gesluit.

2. **Minimum lone:**

1 November 2020 tot 31 Oktober 2021:	Geen verhoging in die tydperk.
1 November 2021 tot 31 Oktober 2022:	3% verhoging
1 November 2022 tot 31 Oktober 2023:	3% verhoging

3. **Uitslaapgeld:**
   Uitslaapgelde is dieselfde in alle gebiede, R54.45 per nag vir die volgende 3 jaar.

4. **Uitbreiding van Ooreenkoms:**
   Die partye het ooreengekom dat die Kollektiewe Ooreenkoms van toepassing en wetlik bindend sal wees op alle partye en nie-partye in die bedryf op die datum wat die Minister in die kennisgewing in die Staatskoerant bepaal.

5. **Bouersvakansie:**

   1 November 2020 tot 31 Oktober 2021
   Bedryf sluit op Dinsdag, 15 Desember 2020 om 17:00 en heropen op Maandag, 11 Januarie 2021 om 08:00. Indien werkgewers besluit om aan te werk, sal hulle toegelaat word om te sluit op 24 Desember 2020 om 17h00 en weer te heropen op 4 Januarie 2021, met dien verstande dat niemand mag werk vanaf 25 Desember 2020 tot 1 Januarie 2021 nie.

   1 November 2021 tot 31 Oktober 2022
   Bedryf sluit op Woensdag, 15 Desember 2021 om 17:00 en her-open op Maandag, 10 Januarie 2022 om 08:00.
   Indien werkgewers besluit om aan te werk gedurende die bouersvakansie, moet hulle skriftelik by die Raad aansoek doen.

   1 November 2022 tot 31 Oktober 2023

   Bedryf sluit op Donderdag, 15 Desember 2022 om 17:00 en her-open op Woensdag, 11 Januarie 2023 om 08:00.
   Indien werkgewers besluit om aan te werk gedurende die bouersvakansie, moet hulle skriftelik by die Raad aansoek doen.

6. **MBA Heffing en MBA Opleidingsfonds:**
Fooie verhoog as volg: 2021 na R2.00
2022 na R2.25
2023 na R2.50

7. **Oortyd:**

1 November 2020 tot 31 Oktober 2021:
Die partye kom ooreen dat werknemers op Saterdae mag werk teen normale loon per uur plus die byvoordeel en op Sondae teen dubbel hul loon per uur vanaf die datum van hierdie skrywe tot 31 Desember 2020 en sal daarna hersien word vir verdere verlenging indien moontlik

KLOUSULE 14: VAKANSIEFONDS

(a) Die vakansiefonds word hierby voortgesit en gaan voort om deur die Raad geadministreer te word met die doel om geskikte werknemers te voorsien van verlofbetaling vir die tydperk van die jaarlikse verloftydperk ingevolge Klousule 9(6) van die Ooreenkoms. Gelde deur die werkgewers bygedra tot die Fonds, moet belê word soos bepaal ingevolge Artikel 53(5) van die Wet. Openbare Vakansiedae, soos geproklameer ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994, word pro-rata by die vakansiefonds ingesluit. Die volgende betaalde openbare vakansiedae sal pro-rata by die voordelestelsel ingesluit word:

BETAALDE OPENBARE VAKANSIEDAE

1 November 2020 tot 31 Oktober 2021

2020		
Woensdag	16 Desember 2020	Versoeningsdag
Vrydag	25 Desember 2020	Kersdag
2021		
Vrydag	1 Januarie 2021	Nuwejaarsdag
Maandag	22 Maart 2021	Menseregtedag
Vrydag	2 April 2021	Goeie Vrydag
Maandag	5 April 2021	Gesinsdag
Dinsdag	27 April 2021	Vryheidsdag
Woensdag	16 Junie 2021	Werkersdag
Maandag	9 Augustus 2021	Vrouedag
Vrydag	24 September 2021	Erfenisdag

1 November 2021 tot 31 Oktober 2022

	2021	
Donderdag	16 Desember 2021	Versoeningsdag
Maandag	27 Desember 2021	Welwellindheidsdag
2022		
Maandag	21 Maart 2022	Menseregtedag
Vrydag	15 April 2022	Goeie Vrydag
Maandag	18 April 2022	Gesinsdag
Woensdag	27 April 2022	Vryheidsdag
Maandag	2 Mei 2022	Werkersdag
Donderdag	16 Junie 2022	Jeugdag
Dinsdag	9 Augustus 2022	Vrouedag

1 November 2022 tot 31 Oktober 2023

	2022	
Vrydag	16 Desember 2022	Versoeningsdag
Maandag	26 Desember 2022	Welwellindheidsdag
2023		
Maandag	1 Januarie 2023	Nuwejaarsdag
Dinsdag	21 Maart 2023	Menseregtedag
Vrydag	7 April 2023	Goeie Vrydag
Maandag	10 April 2023	Gesinsdag
Donderdag	27 April 2023	Vryheidsdag
Maandag	1 Mei 2023	Werkersdag
Vrydag	16 Junie 2023	Jeugdag
Dinsdag	9 Augustus 2023	Vrouedag
Maandag	25 September 2023	Erfenisdag

(b) Werkgewers **sal** hul werknemers betaal vir elke openbare vakansiedag soos bepaal word deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes no. 75 van 1997.

(c) Werkgewers kan slegs van die fonds terug eis, indien hul werknemers se byvoordele op datum en voldoende is. **Indien 'n werkgewer se byvoordele nie op datum en voldoende is nie,sal so 'n werkgewer verantwoordelik gehou word om hul werknemers uit te betaal vir elke openbare vakansiedag.** Slegs volledige eise sal hanteer word wat deur werkgewers ingestuur word.

(d) Werkgewers **is verplig** om 'n byvoordeel aan te koop vir elke werknemer op elke Openbare Vakansiedag, behalwe die volgende openbare vakansiedae, 16 Desember 2020, 25 Desember 2020 en 1 Januarie 2021. Die openbare vakansiedae val in die jaarlikse verlofdae.

Kategorieë van werknemers		Gebiede 'A' en 'B' Rand per Uur			Gebied 'C' Rand per Uur			Gebied 'D' Rand per Uur		
		2021	2022	2023	2021	2022	2023	2021	2022	2023
(i)	Skoonmaker	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84
(ii) 1	Beginner Arbeider/Voorafvervaardigde betonmuur Arbeider	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84
(ii) 2	Arbeider	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84	22.47	23.15	23.84
(ii) 3	Algemene werker	24.29	25.02	25.77	22.48	23.16	23.85	23.56	24.27	25.00
(iii) 1	Bouwerker & Leerling Kategorie 4	26.73	27.53	28.36	24.73	25.47	26.24	25.92	26.70	27.50
(iii) 2	Bouwerker & Leerling Kategorie 3	29.39	30.28	31.18	27.20	28.02	28.86	28.52	29.37	30.25
(iii) 3	Bouwerker & Leerling Kategorie 2	32.34	33.31	34.31	29.92	30.82	31.74	31.38	32.32	33.29
(iii) 4	Bouwerker & Leerling Kategorie 1	35.57	36.64	37.74	32.92	33.91	34.93	34.51	35.54	36.61
(iv)	Ambagsman: Hyskraanoperateur, Mat/Vloerlêer, Verwer en Waterdigter	39.13	40.31	41.52	37.97	39.11	40.28	37.97	39.11	40.28
(v) 1	Ambagsman in alle ander ambagte	43.05	44.34	45.67	41.75	43.01	44.30	41.75	43.01	44.30
(v) 2	Ambagsman in alle ander ambagte	47.36	48.78	50.24	45.92	47.30	48.72	45.92	47.30	48.72
(v) 3	Ambagsman in alle ander ambagte	52.08	53.64	55.25	50.52	52.03	53.59	50.52	52.03	53.59
(v) 4	Ambagsman in alle ander ambagte	57.30	59.02	60.79	55.57	57.24	58.96	55.57	57.24	58.96
(v) 5	Ambagsman in alle ander ambagte	63.02	64.91	66.86	61.14	62.97	64.86	61.14	62.97	64.86
(v) 6	Ambagsman in alle ander ambagte	69.33	71.41	73.55	67.25	69.26	71.34	67.25	69.26	71.34
(v) 7	Ambagsman in alle ander ambagte	76.26	78.55	80.90	73.98	76.20	78.48	73.98	76.20	78.48
(v) 8	Ambagsman in alle ander ambagte	83.88	86.39	88.98	81.37	83.81	86.33	81.37	83.81	86.33
(vi)	Voltydse wag (per 9 uur dag))	202.25	208.32	214.56	202.25	208.32	214.56	202.25	208.32	214.56
Voertuig bestuurder en operateurs wat in besit moet wees van 'n kode: (per 9 uur dag)										
(vii) 1	B – Bestuurderslisensie	240.59	247.80	255.24	222.57	229.25	236.13	233.28	240.28	247.49
(vii) 2	C1 – Bestuurderslisensie	264.55	272.49	280.66	244.82	252.17	259.73	256.69	264.39	272.32
(vii) 3	C of EB of EC1 – Bestuurderslisensie	291.07	299.80	308.79	269.35	277.43	285.75	282.38	290.85	299.58
(vii) 4	EC – Bestuurderslisensie	352.19	362.76	373.64	341.65	351.90	362.46	341.65	351.90	362.46

L. ONTONG
SEKRETARIS